

'n Nuwe Jaar

Uittreksel van die preek: B133b Eng/Afr.

Skriflesing uit: Jesaja 61:1 – 11

Kernvers : 1,2 – 'Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevanenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehag van die Here en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos.'

Ons is aan die begin van 'n nuwe jaar en seker reeds al ons kalenders omgeruil . Dis 'n nuwe begin, nuwe besluite word geneem, nuwe voornemens word gemaak. Nogtans kan net God alleen alles nuut maak – net God alleen kan ware vreugde en blydschap gee.

My hart is vol blydschap want volgens hierdie ou Bybelboek is God magtig om alles waar te maak wat Hy belowe het. Tenspyte van groot onweerswolke op die horison, wil ek u vandag bemoedig uit God's Woord. Volgens hierdie ou Bybelboek is die einde nie dood en verwoesting en ellende vir God se kinders nie. Dit is daarenteen 'n openbaring van die heerlijkheid van God. Die Here is die Een wat alles nuut kan maak en Sy Naam is Jesus!

Hy kan vir u 'n nuwe uitkyk op die lewe gee, 'n nuwe motief en visioen vir die toekoms! Kyk wat sê Ps. 40:2-4: 'Ek het die Here lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; vers 3: en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak. Vers 4: En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die Here vertrou.'

Geliefdes, ek gewaar in die wêreld maar ook in die kerk dat daar 'n gees van bangheid en 'n gees van veslaendheid is. Daar is baie dinge wat u teen hierdie tyd al verwag het en dit nog nie verwesenlik gesien het nie. So baie verwagtinge dat omstandighede al sou verander het, 'n siekte toestand sou verbeter het, verhoudings wat al beter moes gewees het!

Wat het dan gebeur? Ek wil u kom bemoedig en sê: God is 'n waarmaker van Sy Woord en Hy sal volbring wat Hy belowe het...